NEEM GEREGTELIKE STAPPE TEEN **HUISHOUDELIKE GEWELD**

Die Wet op Huishoudelike Geweld, 116 van 1998, is ingevolge die wet ingestel met die hoofdoel om slagoffers van huishoudelike geweld die maksimum beskerming teen huishoudelike geweld te bied. Die Wet het ook maatreëls ingestel wat seker maak dat tersaaklike regeringsinstellings die bepalings van die Wet ten volle uitvoer en om so die regering se toewyding om huishoudelike geweld hok te slaan, oor te dra.





STAP VIR STAP RIGLYNE VIR SLAGOFFERS VAN HUISHOUDELIKE GEWELD

'n Plek waar geweld plaasvind

Dit kan die woonplek van die klaer wees of openbare of privaat ruimtes waar 'n geval van geweld teen die klaer plaasvind.

'n Klaer meld geweld by die plaaslike polisiestasie aan

- 'n Klaer meld 'n geval van huishoudelike geweld by die plaaslike polisiestasie aan. Slagoffers kan ook die hof, tradisionele leiers, aanklaers, godsdienstige leiers, maatskaplike werkers en nieregeringsorganisasies wat in hulle omgewing werk, daarvan verwittig.
- Die polisiebeampte verduidelik die prosedure. Die klaer het die keuse om of 'n strafsaak, aansoek om 'n beskermingsbevel of albei aan te vra.
- Indien nodig sal die polisie die klaer na 'n dokter neem om beserings wat uit die geweld spruit, te bepaal. Die uitslag sal volledig in 'n vorm vasgelê word en kan as bewys gebruik word.
- Na die uitslag sal die polisiebeampte die klaer na die plaaslike Landdroshof verwys vir aansoek om 'n beskemingsbevel.

'n Klaer word verwys na die plaaslike Landdroshof

- Die klerk van die hof verleen hulp aan die klaer met die voltooiing van 'n beëdigde verklaring wat die aard van die geweld omskryf.
- Die klerk van die hof maak 'n lêer oop en lê die inligting vas.
  'n Klaer moet altyd die lêernommer, wat deur die klerk van die hof uitgereik is, veilig bewaar.

'n Landdros oorweeg die aansoek

- Die Landdros kyk na die inhoud van die aansoek en gaan die korrektheid van die inligting in die teenwoordigheid van die klaer na.
- Na deeglike oorweging besluit die Landdros om 'n tussentydse beskermingsbevel uit te reik en 'n datum vir 'n beregtiging te bepaal.
- 'n Lasbrief vir inhegtenisneming, wat slegs uitgereik kan word as die respondent die voorwaardes van die tussentydse beskermingsbevel oortree, word deur die Landdros gelas en deur die klerk van die hof aan die aansoeker besorg.

Tussentydse beskermingsbevel word op die respondent beteken

- Die tussentydse beskermingsbevel word onmiddellik deur die polisiebeampte, balju of klerk van die hof op die respondent beteken en dui ook die datum van die beregtiging aan.

Hofverrigtinge/ beregtiging

- Die Landdros sal seker maak dat die klaer én die respondent teenwoordig is en met die verrigtinge begin.
- Tydens die beregtiging sal die klaer én die respondent 'n geleentheid kry om hulle kant van die storie te verduidelik.
- Die Landdros sal dan 'n besluit neem om 'n finale beskermingsbevel uit te reik of nie.
- Die klaer moet bewus wees dat die voorwaardes van die finale beskermingsbevel dalk nie dieselfde as dié van die tussentyde beskermingsbevel sal wees nie.
- Die voorwaardes vervat in die finale beskermingsbevel is permanent en kan slegs deur 'n hof verander word.

Wat is die gevolge van 'n respondent wat die voorwaardes van die finale beskerminsbevel oortree?

- Die aansoeker moet die lasbrief vir inhegtenisneming na die polisiestasie neem en die oortreding aanmeld.
  Die respondent sal daarna in hegtenis geneem word en aangekla word van oortreding van die beskermingsbevel en in 'n strafhof aangekla word.

AS DIE RESPONDENT SKULDIG BEVIND WORD KAN HY/SY 'N VONNIS/BOETE OPGELÊ WORD OF ALBEI.

Wat is **huishoudelike geweld?**

Huishoudelike geweld (HG) verwys na enige optrede wat gevaarlik is, of wat dreigende gevaar vir die veiligheid, gesondheid of welsyn van die klaer weens enige van die volgende tot gevolg kan hê:

a) liggaamlike geweld;
b) seksuele geweld;
c) emosionele; verbale en psigologiese geweld;
d) ekonomiese geweld;
e) intimidasie;
f) teistering;
g) bekruiping;
h) skade aan eiendom;
i) oortreding op of toegang tot die klaer se woonplek sonder toestemming, in gevalle waar die partye nie woonkwartiere deel nie; of
j) enige ander beherende of geweldadige gedrag teenoor 'n klaer; waar sodanige optrede gevaar, of dreigende gevaar vir die veiligheid, gesondheid of welsyn van die klaer tot gevolg kan hê.

'N SAAK VAN HUISHOUDELIKE GEWELD KAN TEEN SEKERE VAN DIE VOLGENDE PERSONE OOPGEMAAK WORD:

1. Die persoon met wie jy getroud is, hetsy ingevolge burger- of gewoontereg;
2. Jou lewensmaat (hetsy dieselfde of teenoorgestelde geslag) wat saam met jou bly of saam met jou gebly het, al was julle nie getroud nie of julle nie met mekaar kon trou nie (as byvoorbeeld, een van julle reeds met iemand anders getroud is);
3. Die ander ouer van jou kind of persone wat ouerverantwoordelikheid met jou deel;
4. Persone wat bloedverwant, aangetroud of deur aanneming aan jou verwant is;
5. Die persoon aan wie jy verloof is, met wie jy in 'n gewoonte- of uitgaanverwantskap is, insluitend 'n werklike of begrepe romantiese, intieme of seksuele verhouding van enige tydperk;
6. 'n Persoon met wie jy dieselfde woonplek deel of onlangs gedeel het.

DON'T LOOK AWAY
ACT AGAINST ABUSE

16 DAYS OF ACTIVISM
FROM PEACE IN THE HOME TO PEACE IN THE WORLD: THE PROLIFERATION OF SMALL ARMS AND THEIR ROLE IN DOMESTIC VIOLENCE

Vir meer besonderhede, kontak:
Die Departement van Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling
Posadres: Privaat sak X81 | *www.justice.gov.za* | Tel: 012 315 1111

the doj & cd
Department:
Justice and Constitutional Development
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

STAND TOGETHER FOR RIGHTS
Jumpela i Justice